**BEAUFORT WEST MUNICIPALITY / BEAUFORT-WES MUNISIPALITEIT**

## REGSTELLINGSKENNISGEWING

## KENNISGEWING NR: 97/2025

Kennis geskied hiermee dat Kennisgewing 91/2025 gepubliseer in Provinsiale Koerant 9078 op 6 Junie 2025 waardeur Beaufort-Wes Munisipaliteit ingevolge Artikel 14(1) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Eiendomsbelasting, 2004, sy besluit vir die heffing van eiendomsbelasting vir die 2025/2026 finansiële jaar gepubliseer het, hiermee teruggetrek en vervang word met die volgende:

**BESLUIT TOT HEFFING VAN EIENDOMSBELASTING VIR DIE FINANSIËLE JAAR 1 JULIE 2025 TOT 30 JUNIE 2026**

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 14(1) en (2) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Eiendomsbelasting, 2004, dat die Raad tydens sy vergadering gehou op 30 Mei 2025 by wyse van raadsbesluit nommer 8.33 besluit het om die belasting op eiendom wat in die onderstaande schedule weerspieël word, te hef met ingang van 1 Julie 2025.

| Kategorie van eiendom | Koersverhouding | Koers in die Rand bepaal vir die betrokke eiendomskategorieë |
|---|---|---|
| Residensiële Eindomme | 1:1 | 0.01500 |
| Besigheids Eiendomme | 1:2 | 0.03000 |
| Industriële Eiendomme | 1:2 | 0.03000 |
| Landbou-eiendomme | 1:0.09 | 0.00131 |
| Openbare Diensdoeleindes | 1:2 | 0.03000 |
| Nasionale Monumente | 1:1 | 0.01500 |
| Mynbou-eiendomme | 1:2 | 0.03000 |
| Meervoudige gebruikseiendomme | Soos per toekenning | Soos per toekenning |
| Munisipale eiendomme | 1:0 | 0.0 |
| Natuurreservaat eiendomme | 1:0 | 0.0 |
| PSI | 1:0 | 0.0 |
| Onbeboude grond | 1:1.2 | 0.01800 |
| Openbare Voordeelorganisasies | 1:0.25 | 0.00375 |

**VRYSTELLINGS, VERMINDERINGS EN KORTINGS**

**Residensiële Eiendomme:**

Kortings ten opsigte van 'n kategorie eienaars van eiendom is soos volg:

Vir alle residensiële eiendomme sal die munisipaliteit nie 'n belasting hef op die eerste R15 000 van die eiendom se markwaarde nie. Die R15 000 sluit in die statutêre toelaatbare belasting karting van R15 000 soos per artikel 17(1)(h) van die Munisipale Eiendomsbelastingwet, 2004;

En 'n bykomende korting van R100 000 vir alle residensiële eiendomme met 'n markwaarde van R190 000 en minder, soos bepaal in die Belastingbeleid.

Eienaars van **Nasionale Monumente** word teen residensiële tariewe gehef, onderworpe daaraan dat –

- Die gebou in 'n bevredigende toestand is, en
- Die Direkteur Ingeniersdienste gedurende die tweede maand van elke finansiële jaar 'n verslag indien wat bevestig dat die gebou in 'n bevredigende toestand is, sodat die munisipaliteit die toestaan van 'n korting kan oorweeg.

**Landbou**

Daar sal geen bykomende korting op landbou-eiendomme wees nie, met die korting wat reeds in die verlaagde tarief verreken is, wat vasgestel is op 1:0.09 van die basistarief, met wetgewing wat 'n verhouding van nie meer as 1:0.25 oorskry nie.

**Pensioenarisse**

Geregisteerde eienaars van residensiële eiendomme wat pensioenarisse is, kwalifiseer vir spesiale kortings volgens die bruto maandelikse huishoudelike inkomste van alle pensioenarisse wat permanent op daardie eiendom woon. Om vir die korting te kwalifiseer, moet 'n eienaar van eiendom die geregisteerde eienaar wees van 'n eiendom wat aan die vereistes van die definisie van residensiële eiendom voldoen. Hierdie moet op 1 Julie van die Finansiële jaar:

- Die eiendom as sy/haar primêre woning beset en
- Ten monste 60 jaar oud wees, of
- Medies ongeskik verklaar wees, selfs al is hy/sy nog nie 60 jaar oud is nie, en
- 'n Bruto maandelikse huishoudelike inkomste ontvang wat nie die bedrag oorskry wat deur die Raad bepaal is tydens die Mujnisipaliteit se begrotingsproses nie.
- Moet jaarliks bewys aan die Hoof Finansiële Beampte voorlê dat die eienaar by die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling geregistreer is as 'n ontvanger van 'n ouderdoms- of gestremdheidstoelae, en
- Die markwaarde van die eiendom nie meer as R 1 100 000 beloop nie-

| Inkomste | Afslag |
|---|---|
| R 2,315 en minder as | 30% |
| R 2 316 to R 6 000 | 20% |
| R 6 001 to R12 000 | 10% |

**BEAUFORT WEST MUNICIPALITY / BEAUFORT-WES MUNISIPALITEIT**

'n Eienaar moet jaarliks geloofwaardige bewys van sy/haar finansiële posisie aan die Hoof Finansiële Beampte verskaf.

Volledige besonderhede van die raadsbesluit, insluitend kortings, verminderings en vrystellings spesifiek vir elke kategorie van eienaar se eiendomme of eienaars van 'n spesifieke kategorie eiendomme soos bepaal deur kriteria in die munisipaliteit se Tariefbeleid, is beskikbaar vir inspeksie by die munisipaliteit se kantore, webwerf (www.beaufortwestmun.co.za) en openbare biblioteke binne die munisipaliteit se jurisdiksie.

NAAM: AMOS MAKENDLANA

AANWYSING: WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER

DONKIN STRAAT 112

BEAUFORT-WES

(023)414 8100